# Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch

## 28 Augustus 2022

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
**Ds Piet Venter**

**FOKUSTYD: Stap saam met Christus oor grense heen na verlore mense!**



Ons spring vandag weg met ons gefokuste Woordstudie aan die hand van bogenoemde tema.

Elke Sondag lei ons die week in met die erediens aan die hand van 'n tema en gedurende die week bestudeer ons almal saam verwante onderwerpe aan die hand van riglyne wat beskikbaar gestel word.

Maak seker dat jy die Fokustydboekie ontvang het. Daarin vind jy die inleiding tot en uiteensetting van ons Fokustyd, asook Week 1 se riglyne vir huisgodsdiens / persoonlike Skrifstudie/ Kleingroepstudie.

Ons sal elke Vrydag die volgende week se tema beskikbaar stel. Alle lidmate sal dit per e-pos of WhatsApp ontvang. Die riglyne sal ook op ons Facebookblad gepubliseer word. Indien jy 'n harde kopië verlang, sal Adele in die kerkkantoor jou daarmee kan help.

Week 1: Moenie bang wees wanneer jy met ander oor Jesus moet praat nie!

Jesus het twaalf doodgewone mense gekies om sy volgelinge te wees. Hulle vorm die kern van die kerk wat Jesus besig was om te vestig. Die meeste van hulle was vissermanne van beroep. Nie geleerde mense nie, nie gewoond om met mense te praat of te redeneer nie, net 'n paar manne saam in 'n skuit om vis te vang!

Jesus het vir hulle gesê: "Kom saam met my en ek sal julle vissers van mense maak!". Dis presies wat ons Fokustydtema ook wil oordra: Dat ons Jesus oor grense

(hindernisse) moet volg om vissers van mense te wees. Ons, ek en jy, gewone mense wat elke dag ongewone dinge doen.

Na ‘n tyd van opleiding stuur Jesus hierdie dissipels die eerste keer uit met die opdrag: “Gaan verkondig aan die mense: Die koninkryk van die hemel het naby gekom”. Maar omdat Jesus sy dissipels (en ons) goed ken, weet Hy dat hulle (en ons) bang sal voel om hierdie opdrag uit te voer en onseker sal wees oor hoe hulle dit moet doen.

Daarom sy vertroostende aanmoediging: Moenie bang wees om te praat nie en moet julle nie bekommer oor wat julle moet sê nie! God sal julle help!

Kom ons leer vanmore hoe God ons help om ons vrese te oorkom en ons opdrag uit te voer!

**Tema: Moenie bang wees om van Jesus te getuig nie want God sal jou help!**

**Lofsang met die oog op die erediens**
Lied 486: 1, 2, 4; Ps. 40-1: 2, 4

**Ontmoetingsdiens**
Intreelied Ps. 9-2: 1, 7; Votum; Seën; Loflied Ps. 138-2: 1, 3; Geloofsbelydenis: 12 Artikels

**Verootmoedigingsdiens**
Wetlesing: 1 Joh. 5: 1 - 13; Sing Ps. 119-1: 13, 14; Gebed;

**Woorddiens**
Skriflesing: Matteus 10: 5 - 8 en 16 - 33;
Teks: Matteus 10: 19 - 20 en 31- 33
Sing Ps. 145-2: 1, 2, 3 (kleuters na hulle bediening); Woordverkondiging

**Antwoorddiens**
Sing Sb 12-3: 1; Gebed; Sing Ps. 118-2: 4, 5; Seën; Amenlied Sb13-2.

**Liefdegawes vandag by die deure: Groot boks vir die Diakonie en klein boks vir Trans-Oranje Instituut (Skole vir kinders met gestremdhede).**

NEEM KENNIS:
VANAF VOLGENDE SONDAG IS DIE AANDEREDIENSTYD WEER 18:00

**17:00 AANDEREDIENS:**
**Prof Naas Ferreira**

**Tema: Diegene wat weet wat die betekenis van hulle verlossing is, is gereed om die erns van hulle roeping uit te leef.**

Terwyl die aardse troon leeg is, kry Jesaja ’n blik op God se troon in die hemel wat nooit leeg is nie. Jesaja krimp ineen van sondebesef, maar ontvang dan die wonderlike boodskap van sondevergewing. Direk daarna is daar ’n oproep van God se troon – Wie kan Ek stuur? Sonder aarseling is die antwoord uit Jesaja se hart – Hier is ek, stuur my. Maar neem kennis – dit is ’n baie ernstige boodskap wat gebring moet word.

Christenskap is meer as om net individueel verlos te wees. Verlossing lei tot lewensroeping en diensbaarheid - en dan ’n deeglike besef van wat daardie lewensroeping – juis in ’n tyd soos hierdie – werklik behels.

Ons is ook in Jesus Christus verlos om ons lewensroeping elke dag in erns in ons leefwêreld uit te leef.

**God en ons ontmoet mekaar**
Intreelied: Lied 151: 1 en 2; Votum; Seën; Loflied: Psalm 149: 1 en 5; Gebed

**God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof**
Skriflesing: Jesaja 6 (Teksvers 6:8)
Sang: Psalm 150: 1, 2 en 3
Woordverkondiging

**Ons antwoord op die Woordbediening**
Gebed; Sing: Sb 1-2: 1, 2 en 3; Seën; Amenlied Sb 13-2.

## MEELEWING

- Roelie van der Walt ondergaan more 'n operasie in Medikliniek.
- Pieter Lourens se ontsteking in sy linkerbeen reageer goed op antibiotiese behandeling en dit gaan beter.
- Marie Oosthuizen het 'n operasie ondergaan om 'n chemo-poort te heg en ons bid haar sterkte toe.
- Harmen Wijnberg het Vrydag 'n operasie ondergaan om die dialise-poort te verwyder en dit gaan beter met hom.
- Mariana du Plessis ondergaan hierdie week toetse in Pretoria met die oog op 'n moontlike knievervangingsoperasie.
- Douw Grobler se operasie het goed afgeloop. Hy mag vir ses weke nie sy arm gebruik nie en daarna hoop ons sal dit met hom weer goed gaan.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Corrie du Plessis en Annetjie Vermeulen.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenderediens
Tee, koffie en kuier
Kleuterbediening
Katkisasie: Huisgeloof
17:00 Aanddiens

**Dinsdag**
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
09:30 "Griefshare" ds Piet
17:15 Katkisasie gr 8
18:00 Katkisasie gr 11 - Kinderfeesopleiding
18:30 Sustersamekoms

**Woensdag**
09:30 Bybelstudie
17:15 Katkisasie Gr 9
18:00 Katkisasie Gr 10

**Donderdag**
17:15 "Griefshare"- Carina

## AFKONDIGINGS

- Beide liefdegawes vandag vir ons eie Diakonie (Groot boks - Zapper betaal-metode beskikbaar) en (Klein boks) vir Trans-Oranje Instituut. Hierdie is in instituut met skole vir kinders met gestremdhede.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir Expando.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 18 en 19.

## DIAKONIE VRA HULP MET VERVOER OP SONDAE

Ons lidmate wat in Amelia Nasorgsentrum woon, kan nou weer eredienste in hulle tuisgemeentes bywoon. In die verlede het lidmate gehelp om die 2 of 3 van ons lidmate daar op te laai vir bywoning van die oggenddienste. Amelia is geleë in Richardsonstraat 5, Baillie Park.

Indien lidmate kan help met hierdie vervoer sal die Diakonie dit baie waardeer. As twee of drie lidmate op ge-ordende wyse beurte maak, is dit regtig nie baie opoffering om hulle te gaan oplaai nie. Indien u kan help met hierdie liefdesdiens, kontak asb vir Riaan vd Walt by 082 784 9215 of praat met ds Piet.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 28 Augustus**
Sr Annari Schutte

**Dinsdag, 30 Augustus**
Sr Engela Kruger
Br Johan vd Berg

**Woensdag, 31 Augustus**
Br Jacque du Plessis
Sr Fransien vd Walt *

**Donderdag, 1 September**
Br Nico Alberts
Br Theo Coetzee
Br Aldru Opperman
Jsr Anke v Jaarsveld

**Vrydag, 2 September**
Sr Lu Erasmus

* Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## HUISGELOOF-JEUGBYEENKOMSTE VANDAG

**"Wêreld - Die kerk pas my op"**

Al ons voorskoolse- en laerskoolkinders kom na die erediens in die saal bymekaar waar hulle in groepe gedeel sal word vir elkeen se byeenkoms.

Hoërskoolkinders en ouers (van alle ouderdomsgroepe), kom in die kerkgebou bymekaar vir 'n toerustingsgesprek olv ds Piet.

**Voorskoolse jeug:**
Joh 10:1-16 Ons is God se skape, Hy is ons herder en beskerm ons teen die gevare daar buite. Soos skape deur 'n kraalmuur beskerm word, beskerm die kerk ons ook.

**Laerskooljeug:**
Efesiers 6: Die Wapenrusting van God hou ons veilig en beskerm ons. Ons leer almal saam in die kerk hoe om hierdie wapenrusting "aan te trek" en te gebruik as beskerming.

**Hoërskooljeug en alle ouers:**
Impak van sosiale media op ons jeug en hoe ouers en gemeente ons kinders daarteen weerbaar kan maak.

## AMANDELBLOEISELS

Kom geniet 'n heerlike Lente-uitstappie saam met die Amandelbloeisels! Oral in die natuur rondom ons, word ons nou weer bewus van die wonderlike belofte van nuwe lewe en groei – maak dit jou ook opgewonde? Kom ons geniet hierdie genadetyd saam met mekaar en bederf onsself met 'n heerlike saamkuier om 'n lekker koppie tee of koffie en iets te ete by 'n teetuin (ontbyt, koek, net wat jy wil hê!). Omdat die rekening hierdie keer vir jouself is, kan jy kies net wat jou hart begeer uit dit wat daar aangebied word!

Hierdie ontspannende saamkuier is beplan vir Woensdag 7 September om 09:30 vir 10:00 by **Jukebox** by die Koeltetuin in Paryslaan. Daar is verskeie interessanthede waarna julle ook kan gaan kyk soos die kwekery se pragtige lenteplante, *de Rooie deur* se uitstalling en ook die matte-uitstalling wat aangebied word. Ons hoop almal sal graag wil kom saamkuier!

Skryf asseblief jou naam op die lys in die voorportaal van die Skuur indien jy belangstel om die uitstappie by te woon, (die opskryf van jou naam is nie bindend nie, enigiets mag dalk voorval, maar dit help met ons getalle-beplanning). Tot volgende week dan!

## HUIS HEBRON: SKENKINGS

Inwoners van Huis Hebron het ‘n behoefte aan toiletware vir dames. Groep 30 is besig om vir hulle ‘n insameling te hou. Ons moedig lidmate aan om toiletware hiervoor by te dra. Gee gerus jou skenking af by Anna Smith of die kerkkantoor.

## GKSA-NUUS

Beroep ontvang
Ds DJ (Dirk) de Bruyn van GK Middelburg (Oos Kaap) na GK Mosselbaai as medeleraar

Beroep bedank
Ds J (Johan) Dunn van GK Keetmanshoop/Mariental na GK Bothaville.

Bevestiging
Die bevestiging van ds KP (Karel) Steyn van GK Port Elizabeth vind op Saterdag, 3 September 2022 plaas. Die bevestiging word deur ds Wilhan Jobse van GK Jerreysbaai hanteer.

Emeritering
Ds Abraham Krüger van GK Wolmaransstad emeriteer aan die einde van Augustus 2022. Hy lewer sy afskeidspreek op Sondag, 4 September 2022. Daarna verhuis Abraham en Betsie na Naboomspruit.

## KENNISGEWINGBORD

- VGK Promosa - basaar: 3 September 2022
- Huishulp beskikbaar: Ek kan getuig dat sy eerlik is en 'n kind van die Here. Baie hardwerkend en betroubaar. Engela vd Walt (082 556 7806)
- Groenwilgers Aftree-oord: Woonstel te huur - onmiddellik beskikbaar. Skakel Pieter Bredenkamp (082 879 7507).

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

---

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

---

### BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

Diakonie
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138

Susters
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010

---



# SUSTERS

PS. 119:105 " U WOORD IS DIE LAMP WAT MY DIE WEG WYS, DIE LIG OP MY PAD."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID



Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur na die oggenddiens. Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:


Christelle Vorster en groep 2, Ria Robberts en groep 10, Chanelle v As en groep 18, asook Lana Laufs en groep 28.

## BLIKKIES-WARMHARTE



Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

**Baie dankie vir julle getroue bydraes!**



## SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.

## KANSA-PROJEK

Liewe suster, soos jy reeds weet ondersteun ons gemeente jaarliks vir KANSA. Indien jy, familie of vriende tot hierdie projek wil bydra kan jy gerus jou donasie aan die kerk oorbetaal met verwysing “KANSA”.

## SUSTERSAMEKOMS: 30 AUGUSTUS





Liewe Susters, Hestie en die susters van Blok A nooi julle na ‘n heerlike kuier-geleentheid op Dinsdag,
30 Augustus om 18:30 by die Skuur!
Hou asb hierdie datum oop!

## KWARTAALPROGRAM

| DATUM | DAG | TYD | WIE | WAT |
|---|---|---|---|---|
| **Jul-Aug** | **-** | **-** | **Almal** | **Kansaprojek** |
| **30 Aug** | **Dinsdag** | **18:30** | **Blok A** | **Sustersamekoms** |
| 11 Sept | Sondag | 19:00 | Blok D | Ouderlingverversings |
| 18 Sept | Sondag | 12:00 | Blok C | Nagmaalete |
| 3-7 Okt | Ma – Vry | 11:00 | Almal | Kinderfees |

## BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!





# Vind vrede by die Here!

**Soms voel mens se lewe net so deurmekaar soos hierdie teksvers lyk! Gebruik die gids om die teksvers neer te skryf en dink na oor wat dit vir jou lewe beteken.**

VOLTOOI DIE TEKSVERS DEUR DIE LETTER NEER TE SKRYF WAT BY DIE PRENTJIE PAS.
LEES JOHANNES 14:27 OM TE SIEN OF JY AL DIE LETTERS REGGEKRY HET.

| a | e | i | m | r | t | u |
|---|---|---|---|---|---|---|

"Vr_d_ l___ Ek v__ j_ll_ n_;

_y vr_d_ g__ Ek v__ j_ll_.

D__ v__d_ w__ Ek v_r j_ll_ g__,

_s n__ d__ soo__ w__ di_ wê__ld g__ n_e.

J_lle _oe_ n_e on_s_eld w__s n_e,

_n j_ll_ _oe_ ni_ b_ng w__s n_e."

**Al voel alles vir jou deurmekaar en al is jy bekommerd, kan jy altyd op die vrede van die Here vertrou. Jesus het gekom om vir ons sondes te sterf, en ons kan nou vrede in ons harte hê.**